**Oktober 2019**

## Wêreldekonomie

Die VSA Federale Reserwe het rentekoerse met 25 basispunte op sy onlangse vergadering verlaag en enige verswakking van VSA verbruikersbesteding kan aanleiding tot verdere verlagings gee. In Oktober het die VSA se werkloosheid marginaal tot 3,6% gestyg, wat beter is as wat verwag is, maar die langertermyntendense dui aan dat die arbeidsmark besig is om te verlangsaam. Die VSA se handelstekort het in September met 4,7% geval, die meeste in agt maande, aangesien invoere van voertuie, selfone en ander elektronika verminder het na die pre-tarief styging in Augustus, volgens data van die VSA regering. Die Verenigde Koninkryk se IHS Markit dienste se koopbestuurdersindeks (alle sektore se KBI), wat vervaardiging en konstruksie asook dienste dek, het vir drie maande na mekaar onder 50 gebly. Dit is die eerste keer sedert 2009 wat dit gebeur het. Chinese onderhandelaars wil hê Washington moet 15% heffings op Chinese goedere ter waarde van ongeveer $125 miljard wat op 1 September van krag geword het, laat vaar. Hulle wil ook verligting hê van vroeëre 25% heffings op invoere vanaf masjinerie en halfgeleiers tot meubels ter waarde van ongeveer $250 miljard.

## SA Ekonomie

SA se geannualiseerde inflasiekoers het in September tot 4,1% van 4,3% verlangsaam, hoofsaaklik weens 'n swakheid in die ekonomie, wat nog 'n 25 basispunt-rentekoersverlaging in November ondersteun. Die amptelike werkloosheidskoers het met nog 0,1 van 'n persentasiepunt tot 29,1% in die derde kwartaal gestyg, volgens Statistieke Suid-Afrika (StatsSA) se kwartaallikse arbeidsmagopname (QLFS). Nuwevoertuigverkope het net hul tweede 2019 jaar- tot-jaar-styging in Oktober aangeteken volgens data van die Departement van Handel en Nywerheid. In Oktober was uitvoere 21% hoër as die van 'n jaar gelede. Totale uitvoere vir die jaar tot einde Oktober was 19,3% hoër as 'n jaar gelede. Die seisoenaal aangepaste Absa koopbestuurdersindeks (KBI) het in Oktober tot 48,1 punte gestyg, op van 'n hersiene 45,1 punte in September. Die begrotingstekort het tot 5,9% van BBP gestyg, aangesien die styging in staatsbesteding die styging in belastinginkomste verbygesteek het. Bruto skuld het tot 'n rekord R3,167 triljoen gespring, wat gelyk is aan 60,8% van BBP, en daar word verwag dat BBP met ongeveer 0,5% sal groei. Moody's Beleggersdiens het besluit om SA se internasionale langtermynkredietgradering onveranderd op Baa3 te hou, maar het die vooruitsig van stabiel na negatief hersien.

## Tendense en geleenthede

- Die VSA langertermyntendense dui aan dat die arbeidsmark besig is om te verlangsaam.
- SA se geannualiseerde inflasiekoers het tot 4,1% verlangsaam.
- SA se BBP sal na verwagting met slegs 0,5% groei in 2019.

*"Rugby shouldn't be something that creates pressure on you, rugby should be something that creates hope."* – **Rassie Erasmus, Springbok Rugbyspan afrigter 2019**

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional